



KAMMANUUS

Nommer 337

20 September 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Humor help om die taalbrug oor te steek

Mense kan mekaar so maklik verkeerd verstaan. Of hulle neem sommer aan hulle gaan jou nie verstaan nie. Vat byvoorbeeld nou die dag by die hospitaal. Nadat ek klaar bietjie gesukkel het om die Franssprekende dokter te oortuig om my voorskrif vir twee maande te hernu, sit ek af na die hospitaal se apteek. Gryp my nommer en gaan sit en wag om nader geroep te word na die venster toe. 'n Mens sak weg in die groot, sagte, opgestopte leunstoel.

Ek merk daar is 'n klomp gesluerde pikkewyne aan diens. Weet sommer hier kom weer 'n taalkwessie. Nie baie van daai anties praat lekker Engels nie. Maak ekself glo vooraf ons gaan mekaar nie verstaan nie.

Soos daardie dag in Suid-Amerika langs die Chileense hoofpad toe ons worsbroodjies wou koop. Daar het ek agtergekem dat party mense net eenvoudig toeslaan as hulle hoor of sien jy is nie een van hulle nie.

Ek en Kamermaatjie was van die hoofstad, Santiago, op pad na Salamanca in El Norte Chico, die klein Noorde, toe ons by 'n padstalletjie stilhou om bietjie bene te rek.

Daar is mooi prentjies en foto's wat wys hulle verkoop van empanades tot hamburgers. Empanadas is eie aan Chili en lyk naasteby soos 'n Corniese pastei. Dit bevat geurige gemaalde skaapvleis, uie en aartappels. Dit is ook 'n moet dat daar 'n gekookte eier en ten minste een swart olyf in is. Pit en al.

Annabelle wil een hê. Ek voel weer lus om 'n worsbroodjie met palta (avokado) op te omsingel.

"Uno Empanada y uno Hotdog por favor" vra ek in my beste Spaans.

"Que?," vra die meisie met 'n kopskud en 'n skouer ophaal. In haar oë kan ek sien daar is niemand tuis wat sal weet nie.

Ek probeer vingertaal. Druk een vinger in die lug. "Uno Empanada, si?" sê-vra ek hoopvol. Sy dink duidelik steeds ek praat Engels, maar daar gaan 'n effense liggie op. "Si" kom die antwoord huiwerig.

Ek toets weer die wind met my voorvinger. "Uno hotdog" Weer val die sluiers toe "Que?" (Spaans vir "huh?")

Ek probeer 'n ander taktiek en wys na die prentjie van 'n hotdog agter haar terwyl ek die woord stadig en duidelik herhaal.

Sy draai om. "Oh!, Gotdog!" roep sy verlig uit en kyk my aan asof sy wil sê: nou maar hoekom sê jy nie net so nie!

Dieselfse gebeur toe nou weer hier by die apteek. Die swartgeklede ninja agter die glasvenster sien ek is 'n heiden uit die Weste en neem dadelik aan ons gaan mekaar nie verstaan nie. Mens sien ook net die oë deur die abaja se loerskrefie. Sy beduie na die pakkie pille en sê "pills" Ek besluit om saam dom te speel en kyk haar vraend aan.

"You know how to take pills?" kom dit van agter die sluier. Soos met stomstreke, wys ek hoe mens 'n pil neem en in jou mond sit. Die blou oë agter die sluier versag en verkrinkel effens en ek verbeel my ek kan die glimlag agter haar sluier sien.

"Good!" antwoord sy terwyl sy die pakkie in my hand stop. "Shukran" seg ek. "Afwan" (jy's welkom), en ek kan duidelik dié keer die glimlag in haar stem hoor. Ons twee het die taalbrug met 'n tikkie humor oorgesteek.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

SKERP ANTWOORDE



**Miriam Hopkins
en 'n onbekende
sanger**

Onbekende sanger: "Jy weet, liefie, ek het my stem vir \$50,000 verseker."

Hopkins: "En wat het jy met die geld gedoen?"



**Sen. Fritz Hollings
en
sy teenstander**

Sy Republikeinse teenstander het hom in 'n debat gedaag om 'n dwelmtoets te onderneem.

Hollings: "Ek sal, maar dan moet jy 'n IK-toets aflê."



Israelse gesegdes

- God kan nie oral wees nie, daarom het hy moeders gemaak.
- As die rykes iemand kan betaal om namens hulle te sterf, sal die armes 'n fortuin maak.
- Suiker in die mond help nie vir bitterheid in die hart nie.
- 'n Pessimis wat twee keuses het, kies albei.
- Moenie 'n bok van voor benader nie, of 'n perd van agter nie, of 'n gek van enige kant af nie.
- 'n Slaaf toon sy ware karakter as hy die meester word.
- Tyd heel ou wonde, en skep nuwes.
- Waar daar twee Jode is, is daar drie opinies.
- Ons sien nie dinge soos hulle is nie, maar soos ons is.
- Alles draai om brood en die dood.

Darwin-pryse [5]

In Louisiana het 'n man by 'n winkel ingestap, 'n \$20-noot op die toonbank neergesit en gevra vir kleingeld.

Toe die kassier die kasregister oopmaak, het hy 'n pistool op haar gerig, die inhoud van die kasregister gevat en die \$20-noot op die toonbank gelos.

Daar was \$15 in die kasregister.

H^{PAW}NDE
is welkom
Mense word verdra

Ek kry lag as my vrou

STILSTUIPE

vir twee dae kry.

**Sy sien dit as 'n
straf vir my.**

EVOLUSIE [4]



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com



VYF GOUE REËLS

Hier is vyf goue reëls vir die lewe:

1. Geld kan nie geluk koop nie, maar 'n mens huil makliker in 'n motor as op 'n fiets.
2. Vergewe jou vyand, maar onthou die poephol se naam.
3. As jy iemand help wat in die moeilikheid is, sal hy jou onthou wanneer hy weer in die moeilikheid is.
4. Baie mense leef net omdat dit onwettig is om hulle te skiet.
5. Alkohol los geen probleme op nie. Melk ook nie.

EENVOUDIGE FEIT

Wanneer 'n vrou swanger is, vat almal aan haar maag en wens haar geluk. Maar niemand sal aan die man se penis vat nie "Welgedaan!" sê nie. Die les is: Niemand waardeer harde werk nie.

GESPREK MET DUIWEL

Die prokureur was in gesprek met die duivel.

"Ek kan jou baie suksesvol maak. Jy sal op 40 'n regter wees en miljoene maak as raadgever vir konings, presidente en prinse reg oor die wêreld. Jy sal gesond wees tot jy 95 is.

"Al wat ek as teenprestasie vra is die siel van jou ouers, jou vrou en jou twee jong kinders."

Die prokureur het 'n paar minute lank sy kop gekrap en nagdeink.

Toe vra hy:

"Goed. Waar is die vangplek?"

OUMA SE RAAD

My liewe seun

As jy die dag besluit om te trou, kies 'n slet.

Dis makliker om haar te leer kook as om 'n Boeremeisie te leer spyker!

Baie liefde

Ouma

VROUE WAT WEGLOOP

"Hoekom," vra Jan, "pak vroue drie tasse as sy saam met jou op vakansie gaan, maar net een wanneer sy na haar ma toe wegloop?"

"Beplan hulle om terug te kom?"

BAIE KORT ESSAY

Hierdie seun het 'n studiebeurs aan die Harvard-universiteit gewen vir sy oorspronklikheid en humor.

Hier is 'n voorbeeld van sy briljantheid:

'n Engels-klas in kreatiewe skryfkuns in Brittanje se opdrag was om 'n baie kort essay met die volgende elemente te skryf:

1. Godsdien.
2. Die koningshuis
3. Fisieke gebrek.
4. Rassisme.
5. Homoseksualiteit.

Die pryswenner het geskryf:

"Liewe Here!" het die koningin verbaas uitgeroep.

"Daai af-been neger is 'n moffie!"





Petoorsie is glad te slim

Petoorsie is in gr.1 en sy Engels-juffrou het probleme met hom. Petoorsie meen hy's te slim vir sy graad en wil na gr.3 oorgeplaas word - sy suster is in gr.3 en Petoorsie reken hy is baie slimmer as sy.

Die juffrou het genoeg gehad en vat hom na die skoolhoof. Die hoof sê hy gaan Petoorsie toets. As hy druip, bly hy in gr.1

Hoof: "Wat is 3x3?"

Petoorsie : "Nege."

Hoof: "Wat is 6x6?"

Petoorsie : "36"

So gaan dit aan totdat die juffrou die hoof vra of sy nie maar vir Petoorsie 'n paar vrae in Engels kan vra nie.

Juffrou: "What does a cow have four of that I have only two of?"

Petoorsie : "Legs."

Juffrou: "What do you have in your pants that I don't have?"

Petoorsie : "Pockets."

Juffrou: "What starts with a c and ends with a t, is hairy, oval, delicious and contains a thin, whitish liquid?"

Die hoof vee die sweet van sy voorkop af.

Petoorsie : "Coconut."

Juffrou: "What goes in hard and pink and comes out soft and sticky?"

Petoorsie : "Bubblegum."

Juffrou: "What does a man do standing up, a woman do sitting down and a dog does it on three legs?"

Petoorsie : "Shake hands."

Die juffrou begin raadop raak.

Juffrou: "Now I'll ask some 'Who am I' sort of questions, okay?"

Petoorsie : "Yup."

Juffrou: "You stick your pole inside me. You tie me down to get me up. I get wet before you."

Petoorsie : "A tent."

Juffrou: "A finger goes into me. You fiddle with me when you're bored. The best man always has me first."

Die hoof lyk baie gespanne.

Petoorsie : "Wedding ring."

Juffrou: "I come in many sizes. When I'm not well I drip. When you blow me you feel good."

Petoorsie : "Nose."

Juffrou: "I have a stiff shaft. My tip penetrates. I come with a quiver."

Petoorsie : "Arrow."

Juffrou: "What starts with a F ends with a K that means a lot of excitement?"

Petoorsie : "Firetruck."

Die hoof val haar in die rede, en sê:

"Sit die klein donner in gr.5! Ek het die laaste tien antwoorde verkeerd gehad!"

SLIM GESÊ!

Die jeug is 'n totale vermorsing op jong mense.

~ George Bernard Shaw

Ek het lank gelede geleer om nie met 'n vark te stoei nie. Jy word vuil, en afgesien daarvan geniet die vark dit.

~ George Bernard Shaw



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

As daai kanon so stil word . . .

Deur **Kanonsersant 67229385BT HJ Greeff**

Om 'n Kanondonkie in die woestyn te wees, is nogal heel anders as om met die lelike groen 25 ponders en vyf-vyfs te werk by konvensionele basisse soos Lohatla en Potchefstroom

OM 'n Kanondonkie in die woestyn te wees, is nogal heel anders as om met die lelike groen 25 ponders en vyf-vyfs te werk by konvensionele basisse soos Lohatla en Potchefstroom.

Daar in Walvisbaai. met sy sandkleurige kanonne, was die lewe meer gerig op die paraatheid as die netjiesheid. Wie sou nou regtig kon waardeer en verstaan wat beteken woestynformasie as jy dit nie self beleef het nie?

Vir dié van julle wat nog raai, mens val konvensioneel aan met al jou voertuie rofweg in 'n lyn, langs mekaar. 'n Linie van etlike kilometers wyd wat aanstorm oor die woestyn. Vir die vyand lyk dit seker soos die front van 'n gevreesde stofstom.

Ja, dit was harde, lekker en interessante tye. Soos die keer toe ons op 'n skietoefening in die woestyn uit was. Vroeg in ons opleiding, net begin gewoon raak aan hoe 'n vyfentwintigponder werk en hanteer.

Ek was kanonnier nommer een, die outjie wat moet sorg dat die ander vyf bemannings-lede hul werk seepglad doen. Maak een droog, word almal gestraf. Jaag jy aan, gryp die bemanning die kanon en hardloop met hom in die hoogvoor posisie 'n draai deur die woestyn. Of jy word rondom Rooikop gejaag tot jy flou is.

So is my kanon daardie dag die inskiet-kanon. Die een na die ander skoot word oor sowat 6 kilometer gevuur. Die ander kanonne skiet nie, maar volg al die verstellings wat deurgegee word op hul visiere. Voor, naby die teiken, is 'n observasiepos wat die skote dophou en dan die verstellings deurgee na die tegniese span, die TA's, wat weer uitwerk hoe ons die kanonne moet verstel.

In die woestyn is daar maar min koppies waarop die observasie-ouens kan stelling inneem, en met die gevolg dat die klompie onder leiding van Kaptein Potgieter, 'n oorlogsveteraan, in 'n sloot so twee kilometer duskant die teiken skuiling neem. Die projektiel maak so 'n fluitgeluid as hy bo-oor hulle trek.

Die eerste skoot is blykbaar ver oor die teiken. "Af 200", gee hy die bevel terug na die kanonne. Die TA's werk die nuwe peiling en afstand uit. Ek gee die nuwe verstelling aan my nommer drie en ons looi die volgende skoot. Weer fluit die projektiel oor die obser-vasiepos. Die manne daar in die sloot kyk bekommerd vir Kaptein Pottie. "Toemaar manne, solank jy hom hoor, is jy veilig. Dis wanneer hy stil raak hier bo jou, wat jy dekking moet neem!" stel hy hulle gerus.

Sy woorde was skaars koud of die projektiel raak stil. Die manne duik plat. Die bom bars skaars 100 m anderkant hulle. Chaos. Gelukkig is niemand beseer nie en die bevel kom oor die lug dat ons dadelik moet staak.

Ek en my bemanning word die woestyn ingejaag terwyl hulle die fout soek op die kanon. Laat daardie aand hardloop ons steeds. Hulle kry nie die fout nie.

Weke later kom bleg bombardier Pretorius van die TA's by my dat hy sy sjabloon met 'n hele 2 kilometer afgeskuif het in plaas van net 200 m. Dis wat veroorsaak het dat die skoot so kort geval het. Ná die tyd het hy gou sy fout agtergekomen en dit reggemaak.

Dis hoekom niemand kon uitvind wat gebeur het nie. As hy nie 'n ou skoolmaatjie was nie, het ek sy nek net daar omgedraai!

Die 80-jarige spog by sy dokter dat sy nuwe, jong vrou swanger is.

Dokter: "Kom ek vertel jou 'n storie. Die jagter vat sy sambree, gaan die veld in, sien 'n leeu, trek die handvatse en BOEM! Skiet die leeu dood!"

Ou man: "Onmoontlik! Moet 'n ander jagter se skoot wees!"

Dokter: "Presies!"



Oom Jan se storie

Oom Jan, daar uit Grootfontein se wêreld, kry 'n slag 'n karton pinotage by sy kwotahouer-vriend daar uit die Kaap se wêreld. Dis vir hom baie lekker en gou word al sy vriende genooi om aan hierdie lekker Pie-nô-tydsh te kom proe.

Dit duur ook nie baie weke nie, of Oom Jan se lekkerwyn is iets van die verlede. Hy moet in elk geval Kaap toe vir sake en besluit om sommer 'n leë bottel saam te neem om sy voorraad aan te vul en om nie die wyn se naam te vergeet nie.

Aangekom op Woester, of was dit nou Rustiger, stap hy by die eerste en beste drankwinkel in, leë bottel onder die arm. Die vriendelike winkelassistent vra toe waarmee hy kan help.

"Boetman," sê hy, "ek soek so drie kaste van hierdie lekker pie-nô-tydsh. Drie kaste rooi en drie kaste wit," en hy wys vir die assistent die leë bottel.

Die winkel-assistent ken sy drank en goeie Kaapse wynetiket.

"Oom," sê hy, "hierdie wyn noem mens eintlik pie-nou-taazh. Dis 'n eg Suid-Afrikaanse variëteit/kultivar wat in 1925 ontwikkel is uit twee Franse wynstokke, naamlik pinot noir en cincaut - vandaar die portmanteau-naam van pinotage.

"'n Mens kry hierdie wyn net in rooi en gladnie in wit nie."

"O," sê Oom Jan. "Gee dan maar asseblief ses kaste rooi - die goed proe mos maar almal dieselfde met Coke en ys."

SÊGOED in PADBOETES

Hier is ware kommentaar deur spietkops.

Die opnames is getrek van bande in polisiemotors.

1. "Weet jy, verkeersligte kan nie rooier word as die een waar jy pas deurgery het nie."
 2. "Ontspan. Die handboeie sit styf omdat hulle nuut is. Hulle sal rek as jy hulle 'n ruk lank dra."
 3. "As jy jou hande van die motor afhaal, gaan jou geboorte-sertifikaat 'n nuttelose dokument wees."
 4. "Kan jy vinniger as 4000 meter per sekonde hardloop? Ek vra net, want dit is die spoed van die koeël wat jou gaan volg."
 5. "Ja, meneer. Jy kan vir seker met die skofbaas praat. Ek is die skofbaas."
 6. "Ek gaan jou nog een vraag vra sodat jy kan probeer bewys dat jy nugter is: Was Mickey Mouse 'n hond of 'n kat?"
 7. "Ja, jy's reg - ons het 'n kwota. Nog twee kaartjies, dan kry my vrou 'n broodrooster."
 8. "Twee biere gedrink? Hoe groot was daai glase?"
 9. "Kwotas? Ja, ons het kwotas gehad, maar nou mag ons soveel kaartjies uitskryf as waarvoor ons lus het."
 10. "Jy het gedink ons gee nie aan mooi vroue kaartjies nie? Jy's reg, teken asseblief hier."
- Naskrif:** Ons neem aan die opname is in Amerika gedoen. Of sien julle nog patrolliemanne in Suid-Afrika?

VINNIGE SENILITEITSTOETS

1. Jy hardloop die 800m en gaan die atleet in die tweede plek verby, in watter posisie is jy nou?
2. Dieselfde 800m: Jy steek jy die agterste ou verby. In watter posisie is jy nou?
3. Bietjie somme maak: Vat 1000, tel 40 by. Tel nog 1000 by. Tel nog 30 by. Sit nog 1000 by. Nog 20. Nou tel jy 1000 by en heel laaste nog 10. Hoeveel kry jy?
4. Ansie se pa het vyf dogters: Nana, Nunu, Nini, Nono. Wat sal logies die vyfde een se naam wees?
5. 'n Stom ou loop in 'n winkel in en wil 'n tandeborsel bestel. Hy beduie hoe mens jou tande borsel en kry so die item by die winkelier. 'n Blinde man kom in en soek 'n donkerbril. Hoe maak hy om die winkelbestuurder te laat weet wat hy soek?

ANTWOORDE AGTERAAN AGTEROS

POSKOETS

Kammanuus se lesers skryf

Bobbejane en goue piesangs

Johan Kotze, Bettysbaai:

Laas week vergeet ek om by die NBS (Naaste Bottelstoor) te stop. Ons woon in Bettysbaai en die NBS is in Pringlebaai. Ons ry toe maar soontoe om die nodige te koop. Terwyl ons daar is stop ek sommer by die kafee om 'n pakkie rys en 'n paar lekkers te koop.

Die kafee het twee staalhekke wat jy met 'n elektriese knoppie moet oopmaak omdat die bobbejane so lastig is. Toe ek die hek oopmaak, is daar 'n man wat uitkom nadat hy 'n brood gekoop het. Met die wat die man die trappies afgaan gewaar ek 'n beweging uit die hoek van my oog. Dit lyk soos iets wat die man bestorm. Dis toe 'n groot bobbejaanmanneling wat op die ou afstorm om sy brood te gryp.

Of die ou al gewoon is daaraan en of hy outomaties gereageer het weet ek nou nie, maar hy gee die bobbejaan een skop en die bobbejaan gee so 'n boggom en hardloop ne tso vinnig weg as wat hy gekom het, en so behou die ou sy brood. Terloops die NBS verwys natuurlik ook na die destydse Natal Building Society. Hulle het altyd 'n advertensie gehad dat die NBS die man met die goue piesang was.

Eendag vra 'n ou my: "Wat het jy as jy 'n goue bal in jou linkerhand en 'n goue bal in jou regterhand het?"

Antwoord: "Dan het jy die man met die goue piesang net waar jy hom wil hê."



Algaande leer ons

WAT KINDERS GELEER HET

1. Wanneer jou ma kwaad is vir jou pa, moenie dat sy jou hare kam nie.
2. As jou suster jou slaan, moenie terug slaan nie, hulle vang altyd die tweede persoon.
3. Jy kan nie honde vertrou om jou kos op te pas nie.
4. Moenie nies terwyl iemand jou hare sny nie.
5. Jy kan nie 'n stukkie blomkool in jou glas melk wegsteek nie.
6. Die beste plek wanneer jy hartseer is, is op ouma of oupa se skoot.
7. Maak nie saak hoe jy die koeldrank meet nie, maar jou broer het altyd meer koeldrank as jy.
8. As daar lekker nagereg is, moenie laaste by die bak uitkom nie.
9. Lekkergoed is geneig om jou eetlus weg te neem en jou boude te laat brand.
10. Honde en katte hou ook nie van ertjies nie.

LOGIKA

Koos was lank nie in kroeg nie en almal wonder wat van hom geword het. Eendag stap hy daar in en Naas, die kroegman, vra hom waar hy heeltyd was. "Nee," sê hy, "ek het logika gaan studeer."

"Logika?" vra Naas. "Nou hoe werk dit?"

"Dis maklik," sê Koos. "Het jy 'n vistenk?"

"Ja," sê Naas. "Nou, as jy 'n vistenk het, is jy mos lief vir diere. As jy lief vir diere is, is jy lief vir mense. As jy lief vir mense is, is jy mos lief vir vroue. Dan trou jy mos en dan het jy mos kinders."

"Ja?" vra Naas.

"Sien, dit is mos logika," sê Koos. Hy drink sy dop en loop. Net toe kom Piet daar aan. Naas vertel hom dat Koos weer daar was en dat hy logika gaan studeer het.

"Wat is dit?" vra Piet. "Man, laat ek dit nou so vir jou verduidelik: Het jy 'n vistenk?" vra Naas. Piet sê: "Nee..."

Naas: "Maar dan is jy mos 'n moffie."

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

BONE EN WORSIE SLAAI

500 g gebraaide gaar klein varkworsies, in fyn ringetjies gesny
1 blik elk: boerbone, botterbone en rooi niertjebone, gedreineer
1 groot ui fyn gekap of in dun ringetjies gesny.
1 klein blomkool, los gebreek, en vir 5 minute in kookwater geweek en gedreineer.

Meng alles in slaai bak en geur met sout en peper na smaak.

Meng nou die volgende goed en roer dit liggies deur die slaai:

75 ml olie

5 ml aangemaakte mosterd

10 ml asyn

3 ml suiker

STAMBOOM

BARNARD sybel@vodamail.co.za

Ek is n beginner in genealogie. Ek soek die geskiedenis van Adam Barnard se trek van Karatera na Rustenburg-omgewing (Barnardsvlei). Sy voorgeslagte en nageslagte.

DU PLESSIS ja.co@ybike.co.za

My oupa was 'n advokaat of regter in Pretoria, miskien Johannesburg, hy is so 5-10 jaar terug oorlede, ek soek meer inligting.

DREYER esther@i4u.co.za

My ouma was Anna Susanna Dreyer (ek dink haar pa was Thomas Frederik Dreyer). Sy is ca. 1870 gebore en hulle het in Durbanville gebly. Sy het getrou met Hendrik Cornelis Loubser. Het iemand inligting oor die Dreyers?

GROBLER marynasaunders@yahoo.com

Ek het ook die webwerf van Groblers geraadpleeg maar oneindig baie foute gekry. Ongelukkig werk Johann Grobler nie meer daaraan en ek het dit aangemeld by GISA in Stellenbosch. Ek is nou besig om 'n weergawe aan hulle te stuur vir korrigering .

NORTIER / NORTJE nortjej@acenet.co.za

Ek is reeds in besit van n redelike goeie navorsingsdokument van die oorspronklike twee Nortier-broers en tot en met my dogter.

VAN DER WATT jsc-installation@absamail.co.za

Soek meer inligting oor die Johannes Andries Renier van der Watt-stamboom

VAN NIEKERK petrovann@yahoo.com

Ek is op soek na meer inligting oor die van Van Niekerk.

Die stories van 'n pasgetroude egpaar

Die man het 'n pragtige blondine ontmoet en wou dadelik met haar trou.

"Maar ons weet niks van mekaar nie," het sy gesê. Hy het haar gerusgestel en gesê hulle sal mekaar mos leer ken.

Gedurende hul wittebrood lê hulle een oggend langs die swembad op hul handdoeke toe hy opspring, die 10 meter hoë duikplank uitklim en 'n baie ingewikkelde duik met swaaie, draaie en bolmakiesies uitvoer en die water met die ingaanslag soos 'n mes sny.

Sy vrou was verstom, en hy verduidelik toe hy was 'n Olimpiese duikkampioen.

Sy spring toe in die swembad en begin om 75 lengtes te swem voordat sy weer uitklim en op haar handdoek gaan lê sonder dat sy eers vinnig asemhaal.

"Ongelooftik!" roep hy uit. "Was jy 'n Olimpiese langafstandswemmer?"

"Nee," antwoord sy. "Ek was 'n prostituut in Vereeniging, maar ek het weerskante van die Vaalrivier gewerk."

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Hulle het drie sakke houtskool opgevreet. Hulle skeur nie net die sak nie, hulle vreet ook die houtskool. Dan moet 'n mens twee dae lank pikswart hondebollie optel."

Ek sweer ek het dit nou gehad van die honde. Ek gaan hulle nog een kans gee. Die ding is, ek weet rêrig nie meer wat om to doen nie want dis elke dag iets anders. En dit maak nie saak as ek goed hoog ophang of wegsteek nie, want my Jack Russel, Johnson, kan al meer as 'n meter hoog spring.

As iemand weet van mense met 'n plaas wat twee Jack Russels soek, Iaat weet my. Ek wil rêrig nie die honde weggee nie, maar ek raak nou moedeloos. Ek sit met 'n toksak van R700 wat hulle gister bygekom het. Behalwe die toksak, het hulle at die volgende goed opgevreet:

- 'n Rugz hondemandjie van R450 wat die veearts my belowe het sal ten minste een jaar hou. Hy het dit net verby die drieweke-merk gemaak.
- Twee kampstoele. Nie eers myne nie, maar mense wat by my gebraai het.
- Twintig meter tuinslang is in 400 vyfsentimeter stukkies gekou.
- Hulle kom nie meer in die huis nie, maar ek dink die honde kan teleport soos op Star Trek, want daar is nou al drie handdoeke, 20 onderbroeke, kombuisvadoeke en 'n afstandbeheer opgevreet.
- Twee besems.
- Een rubberhark.
- Drie sakke houtskool. Hulle skeur nie net die sak nie, hulle vreet ook die houtskool. Dan moet mens twee dae lank pikswart hondebollie optel. En vir julle wat wonder: Ek bêre die houtskool binne in my Weber onder sy deksel. Die hond spring op die Weber, balanseer homself op een of ander onverklaarbare manier, stamp die deksel af, en trek die sak uit die Weber en vreet dit op.
- Al die sifdraad en enige ander ding wat ek opgesit het om hulle uit die tuin te hou. En ja, hulle sluk die stukke sifdraad in. Jy sien dit twee dae later in hul bollie.
- Een klein boompie wat by my agterdeur gestaan het. Hulle het eintlik 'n hele blerrie boom opgevreet!
- My potplant binne-in die huis is moer toe. Weer eens, dis asof Johnson vinnig inhardloop as die deur oop is, en voor jy horn kan vang of moer, byt hy alles, gryp 'n luidsprekerdraad en spring op al die beddens en banke.
- 'n Grasperk. Hulle myn vir steenkool of goud, want hulle soek definitief nie krieke nie, want geen normale kreek bly 20 meter onder die grond nie. Dis gevaarlik om ná sononder op my grasperk te loop, want jy mag dalk net in 'n skag inval.
- Twee hondebakke. As dit nie was omdat ek stukkies plastiek in hul bollie gesien het wat dieselfde kleur as die bakke is nie, sou ek gedog het my bure het die bakke gesteel.

Johnson het nou die aand al die honde in die omtrek gaan byt. Hy het uitgeglim en van hek tot hek gehardloop, die hond aan sy neus gegryp en aan horn geruk asof hy 'n kombers is. Voor ek by horn kom, hardbop hy na die volgende hek. Die wetter is moer rats en my spoed oor 100 meter is ook nie te wonderlik nie. Ek moes horn uiteindelik têkkel en het my vir twee dae styf geval.

Nou die aand het hulle klein bietjie alkohol ingekry. Moenie my nie kom dreig met die DBV of sulke goed nie, ek is klaar uitgevreet. En ek weet alkohol is baie sleg vir honde en ek sal dit nie weer doen nie, maar ek was raadop en wou net kyk of dit nie help nie! Wel, dit het nie. Johnson het soos 'n bok begin spring en heeltyd op sy kop geval. Hy het ook volspoed in die garagedeur vasgehardloop. En toe later... wel, kom ons stel dit so, Molly is nie meer 'n onskuldige klein tefie nie. Die enigste goed wat nog splinternuut en sonder enige skade is, is die

kouspeelgoed wat ek vir hulle gekoop het. Ek dink ek het rede tot klagte, want die mense wat die goed maak het beslis geen flippen idee waarvan 'n Jack Russel hou nie.

Danie het juis gister gesê hy is oortuig dat satan homself dalk in Johnson manifesteer.

Dis waaraan ek nou kan dink, maar onthou, ek het die honde nou maar vir vier maande, en Jack Russels leef glo nogal lank. Dis 'n vonnis, ek sweer! En moenie skryf en sê ek moet hulle moer nie, want ek doen dit. Ek het horn gister met 'n stuk van die tuinslang wat hy gevreet het gemoer, hard. Al wat gebeur het is dat hy vir my begin blaf en onder 'n struik gaan wegkruip het. Vanoggend is die struik en die stuk tuinslang weg.

So ek het gedink ek sal hulle nog een kans gee, of dalk twee, maar dit kan nie so aangaan nie. So, hartseer en als, ek begin dit rêrig oorweeg om hulle dalk weg to gee. Huile is nog bale jonk, Molly is ses maande en Johnson is nege maande. Al twee is opreg en Johnson het papiere.

SENILITEITSTOETS SE ANTWOORDE

1. Eerste? O nee, jy is dan in die tweede plek.
2. Tweede laaste? Hallo? Hoe steek mens die agterste ou verby? Hy is dan heel laaste!
3. 5000? Nee, dis 4100. Tel weer!
4. Nene? Nee, dis Ansie - haar pa het vyf dogters en sy is mos een van hulle!
5. Die blinde man vra wat hy wil hê - hy is blind, nie stom nie!

Koebaai tot 1 Oktober!